



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS HUISTAAL V2

2022

PUNTE: 80

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 29 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.
2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.
3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Gedigte (30)
AFDELING B: Roman (25)
AFDELING C: Drama (25)
4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

AFDELING A: GEDIGTE
Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

AFDELING B: ROMAN
Beantwoord EEN vraag.

AFDELING C: DRAMA
Beantwoord EEN vraag.
5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)
 - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
 - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.
6. LENGTE VAN ANTWOORDE
 - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
 - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
 - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.
7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
10. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: ongeveer 40 minute
AFDELING B: ongeveer 55 minute
AFDELING C: ongeveer 55 minute
11. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

AFDELING A: GEDIGTE			
Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.			
VRAAGNOMMER	VRAAG	PUNTE	BLADSY
1. "Reaksie"	Opstelvraag	10	6
2. "eerste worp"	Kontekstuele vraag	10	7
3. "besoekersboek"	Kontekstuele vraag	10	8
4. " 'n vigslyer sterf"	Kontekstuele vraag	10	9
EN			
Ongesiene gedig: Verplichtend			
5. "Lied vir haar uitvaart"	Kontekstuele vraag	10	10
AFDELING B: ROMAN			
Beantwoord EEN vraag.*			
6. <i>Die kwart-voor-sewe-lilie</i>	Opstelvraag	25	12
7. <i>Die kwart-voor-sewe-lilie</i>	Kontekstuele vraag	25	12
8. <i>Manaka Plek van die Horings</i>	Opstelvraag	25	15
9. <i>Manaka Plek van die Horings</i>	Kontekstuele vraag	25	15
10. <i>Vatmaar</i>	Opstelvraag	25	18
11. <i>Vatmaar</i>	Kontekstuele vraag	25	18
12. <i>Onderwêreld</i>	Opstelvraag	25	21
13. <i>Onderwêreld</i>	Kontekstuele vraag	25	21
AFDELING C: DRAMA			
Beantwoord EEN vraag.*			
14. <i>Krismis van Map Jacobs</i>	Opstelvraag	25	24
15. <i>Krismis van Map Jacobs</i>	Kontekstuele vraag	25	24
16. <i>Mis</i>	Opstelvraag	25	27
17. <i>Mis</i>	Kontekstuele vraag	25	27

***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAGNOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK (✓)
A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte)	1–4	2	
A: Gedigte (Ongesiene gedig)	5	1	
B: Roman (Opstel of kontekstueel)	6–13	1	
C: Drama (Opstel of kontekstueel)	14–17	1	
LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.			

AFDELING A: GEDIGTE**VOORGESKREWE GEDIGTE**

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

Reaksie – Vernon February

1 Ou Ghwarrie en tji sê daai ding
2 dat tji nou gloe met hart en siel,
3 is tji oek nou een van hul kring
4 en vyand vannie hotnotsriel?
5 oe tji sil nou met newwies
6 en tjou beste sjute die dag deurbring,
7 dit kan ek nog verdra,
8 ma aai, wa'om
9 daai Sunday-go-to-meeting-face, ou Ghwarrie?
10 wiet, tji praat mos nes daai seurtjie
11 oppie draad,
12 dis justice, love en tjêritie,
13 tji sê my ek sil eendag brand
14 ma waa's daai love en tjêritie?
15 Die teorie wêk olraait,
16 en wat kry tji ou maat,
17 net hate en insults hier.
18 Dan soebat tji nog ek moet gloe
19 Nei mattie, gee daai kan,
20 Hou tji tjou Sunday-go-to-meeting-face
21 en ek my bottel jien.

[Bron: *O snotverdriet*, 1979]

Die spreker gebruik 'n retoriese middel, beeldspraak en stylfigure in die gedig om sy afkeur van Ghwarrie se optrede – ná laasgenoemde se bekering – te beskryf.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde.

[10]

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

eerste worp – TT Cloete

- 1 ons het nie ou katedrale en kastele nie,
 2 geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie.
 3 die min wolke wat ons het, is yl versprei.
 4 ons het nie groot metropole nie.
 5 ons is sonder groot donkergroen woude.
 6 dun is ons geskiedenis met min groot name
- 7 soos beethoven of dante
 8 of rembrandt of bramante
- 9 ons het min onwerklike sagte drome
- 10 maar ons het uitgestrekte woestyne
 11 en krom grys bome wat houtbeen vasskop
 12 in die droë sand en koets teen die son
- 13 ons het baie droë lope
 14 en oerrivierbeddings met ou inheemse name
 15 soos gourits en storievertelname soos skrij
 16 of kameelsleep en lijersdraai
- 17 en baie reste naby aan die eerste worp
- 18 by wêreldseinde in die suisende stil nag
 19 hoor jy die jakkalse se fossielskreeu
 20 iewers tussen angstjank en primitiewe spotlag

[Bron: *Uit die hoek van my oog*, 1998]

- 2.1 Met watter woord in versreël 1 verwys die spreker na die inwoners van Suidelike Afrika? (1)
- 2.2 Herlees versreëls 1 tot 4.
 Wat is die funksie van die herhalende gebruik van "nie"? (1)
- 2.3 Wat is die funksie van die baie leestekens in versreëls 1 tot 5? (1)
- 2.4 Dink jy die omgekeerde woordorde én enjambement in versreël 6 versterk die gedagte van Suid-Afrika se kulturele armoede? Motiveer jou antwoord met 'n rede vir elke aspek. (2)
- 2.5 Noem TWEE redes vir die afwesigheid van hoofletters in versreël 15 en 16. (2)
- 2.6 Versreëls 17 tot 20 stek oor twee strofes.
 2.6.1 Waarna verwys die "eerste worp" in versreël 17? (1)
 2.6.2 Watter woord in versreëls 18 tot 20 kontrasteer met die titel én watter waarde het die gebruik van "spotlag" aan die einde van die gedig? (2)

[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

besoekersboek – Fanie Olivier

- 1 op die sel se mure het iemand uitgekrap
 2 (of liever: íngekrap): sy naam en al die dae
 3 van sy duskantse verblyf. gaan mens op stap
 4 deur duikweë stasies onder brûe bly draai die vrae
- 5 wie was dié peter? waar kom pam vandaan?
 6 hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin?
 7 sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan
 8 het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?
- 9 ek loer na hiërogliewe. 'n boer het my gewys
 10 waar jagtonele oorgebly het teen die krans.
 11 vóór in die gideons se bybel is 'n lang lys
 12 lesers wat hul teen sterflikheid probeer verskans.
- 13 'n kind hoes seer; 'n lam huil stomgemaak. ek skraap
 14 moed bymekaar: ek was hier en hier het ek geslaap.

[Bron: *Skimmellig*, 1978]

- 3.1 Watter woord in versreël 1 dui daarop dat die spreker die inhoud veralgemeen? (1)
- 3.2 Wat is die funksie van die eerste dubbelpunt in versreël 2? (1)
- 3.3 Waarom gebruik die spreker soveel vrae in versreëls 5 tot 8 én waarop dui die inhoud van die vrae? (2)
- 3.4 Watter woord in versreëls 9 tot 12 dui aan dat die spreker by die gebeure begin betrokke raak? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
- 3.5 Benoem die stylfiguur in versreël 13. Dink jy die suggestie in hierdie versreël dwing die spreker tot aksie? Motiveer jou antwoord. (2)
- 3.6 Herlees versreëls 9 tot 14.
 In watter opsig verskil die rym in die slotstrophe van dié in versreëls 9 tot 12? Motiveer of die verskil funksioneel is. (2)

[10]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

'n vigslyer sterf – Vincent Oliphant

- 1 die takelwerk word afgetakel
 2 stadig sien sy geliefdes hom inplof
 3 die bekende vlees na binne stort
 4 hulle sien hom reeds stof word
- 5 iets wil huil oor die bros vel
 6 wat soos dun seil oor brose stokke lê
 7 oor die mond wat iets wil sê
- 8 die gewig van lug
 9 is vir die hand te swaar
 10 die lyf
 11 nou klein en seer
 12 het byna alles reeds verleer
- 13 net die oë bly groter staar
 14 soek na raad teen al die skade
 15 na die genade van sag gaan
 16 na verstaan

[Bron: *Poësiepalet*, 2007]

- 4.1 Wie is die spreker in die gedig? (1)
- 4.2 Benoem die beeldspraak in versreël 1 en sê waarom die beeld effektief is. (2)
- 4.3 Waarom is die a-assonansie in versreël 1 en 2 effektief? (1)
- 4.4 Herlees versreëls 5 tot 7.
 Wat noem ons so 'n driereëlige strofe? Haal TWEE afsonderlike woorde uit dié strofe aan wat aandui dat die "vigslyer" buitengewoon breekbaar is. (3)
- 4.5 Watter invloed het die eufemisme in versreël 15 op die stemming van die gedig? (1)
- 4.6 Herlees versreël 16.
 Dink jy die lesers kan hierdie versreël op meer as een manier verstaan? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

[10]

EN

ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Lied vir haar uitvaart – Daniel Hugo

1 as kind het ek net een
2 keer my ma hoor sing:
3 die bootjie na kammaland*

4 dit was die soetste ding
5 wat ek ooit sou ervaar
6 heen en weer het sy gewieg:

7 hoe sag gly ons bootjie
8 op golfies wat dein
9 in die skyn van die maan

10 nou moet ek, wat nooit
11 die noot kon hou, haar
12 begelei op hierdie vaart

13 wat na kammaland voer
14 die land waar jonkheid
15 mos nimmer vergaan

16 ek staan aan die roer
17 verbeel my ek's stuurman
18 in 'n bootjie van papier

**Die "Bootjie na Kammaland" is 'n bekende Afrikaanse wiegeliedjie wat ouers saans vir kinders sing.*

[Bron: *Taalgenoot*, Lente 2018/*Klinkklaar*, 2021]

- 5.1 By watter woord in versreël 1 en 2 sluit "haar" (in die titel) aan? (1)
- 5.2 Hoekom is die herhalende s-klanke in versreëls 4 tot 6 doeltreffend? Dink jy die gebruik van "soetste" ondersteun dié doel? Motiveer jou antwoord. (2)
- 5.3 Haal 'n frase uit versreëls 7 tot 12 aan waarmee die spreker 'n wending in die gedig aandui. (1)
- 5.4 Benoem die stemming in versreëls 1 tot 9. Het die eufemisme in versreël 12 'n invloed op dié stemming? Motiveer jou antwoord. (2)

- 5.5 Herlees versreëls 13 tot 18.
- 5.5.1 Benoem die beeldspraak in "kammaland". (1)
- 5.5.2 Is die rede wat die spreker vir dié beeld aanbied, oortuigend? (1)
- 5.5.3 Watter woord in versreëls 16 tot 18 sluit by "kamma" in "kammaland" aan? (1)
- 5.6 Waarom is die beeld in versreël 18 gepas? (1)
- [10]**
- TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

VRAAG 6: DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – OPSTELVRAAG

Ma, Pa en Johanna speel 'n belangrike rol in die vorming van Iris se menswees.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

[25]**VRAAG 7: DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

Ek het tevrede aan my hamburger begin eet. "Sien. Ek's nie mal nie. En ek glo ook nie aan toeval nie. Dinge gebeur soos dit veronderstel is om te gebeur. Soos jy. Behalwe die hotelklerk is jy die enigste mens wie se gesig ek ken. As wetenskaplikes nou die ding reg moes uitwerk, wat dink jy is die kans dat ek die een mens wat ek ken tussen agt miljoen sal raakloop? Hulle sal lag. Dit kan nie gebeur nie behalwe as dit so bedoel was. En dit was. Want ek wou wegkom van daardie vent met sy ewige geklik van kameras." 5

Billy het 'n vars sigaret aangesteek en oor sy skouer na sy motor gekyk. "Dis seker waar wat jy alles sê," het hy erken. "En dit bring my terug na die man. Jy moet versigtig wees. Ek ken hierdie stad. Jy's 'n kind hier. Dis alles goed en wel dat jy wil blom, maar gestel die man spit jou uit?" Hy het gegrinnik vir sy bevredigende beeldspraak. "Dit kan ook gebeur. Nie alle bolle kom tot bloei nie. Dis beter om maar in jou pasoppens te wees." 10

"Maar as ek in my hotelkamer bly sit, gaan ek niks ervaar nie. Nie goed of sleg nie. Dan kon ek net sowel by die huis gebly het. Ek moet iets ondervind wat ek vir Ma-hulle en Johanna kan vertel." Ons het 'n rukkie in gemeenskaplike stilte gesit tot ek aan iets gedink het. Miskien moet ek dit juis doen vir Ma en vir Johanna. 15

- 7.1 Wat gee direk aanleiding tot die situasie waarin Iris haar in die teksgedeelte bevind? (1)
- 7.2 Is dit geloofwaardig dat Iris haar lewensiening met Billy deel? Motiveer jou antwoord. (1)
- 7.3 Op watter TWEE maniere dra die ruimte (New York) waarin Iris haar bevind, tot haar karakterontwikkeling by? (2)
- 7.4 Haal 'n sin uit reëls 6 tot 13 aan wat by die roman se titel aansluit. Watter les leer die kwart-voor-sewe-lilie vir Iris? (2)

- 7.5 Watter karaktereienskap van Iris blyk uit haar handeling in dié teksgedeelte? Motiveer jou antwoord uit die roman met TWEE ander voorbeelde van haar handeling in New York waartydens sy dieselfde eienskap openbaar. (3)
- 7.6 Volgens reël 17 voel Iris dat sy dit "vir Ma en Johanna" moet doen. Stem jy saam dat Ma én Johanna vir Iris selfstandigheid geleer het? Motiveer jou antwoord met DRIE redes. (3)

EN

TEKS B

As een van my karakters gepraat het, het mense geluister en gereageer. Dis waarom ek hulle dialoog gepoleer en verfyn het. Hulle het nie "Ha!" gesê en hulle neuse rooi gesnuif nie. Greta sou ook nie gedreig het om by 'n vlak waterval af te spring nie.

Maar my onmiddellike probleem was Peter en Eduard. Die twee was besig om te oorvleuel, veral in die koue nagte onder die dik donskomers. Eduard was 'n adolessente skim, moes ek teësinnig toegee, Peter was werklikheid en die Engel het êrens tussen die twee ingepas. My lewe was bevolk met mense wat óf te veel óf te min ektoplasma gehad het. En aangesien die Engel nooit saans voor my slaapkamer deur uitgekamp het en gewaarsku het teen onheilighede nie, het ek Ouma se weergawe van die gebeure bevraagteken. Sy kon die Engel meer mag toegeëien het as wat hy in werklikheid gehad het of anders is hy, soos ons, deur die evolusieproses van die twintigste eeu gestoot en het anderkant uitgekome met 'n verslakte sin vir verantwoordelikheid. 5

"Waarmee is jy nou besig?" het Peter gevra. "Frederik?" 15

"Ek dink sommer."

"Dink aan my."

"Sekerlik," het ek gesê en my neus tussen sy borshare ingewoel.

Ek weet nie hoe laat dit was toe ek wakker geword het nie. Peter het vas geslaap, sy arm swaar oor my bors, en eers wou ek net omdraai en weer slaap behalwe dat daar 'n hand op my ander skouer was, en 'n koue hand daarby. Ek kon niks sien nie, daarvoor was dit te donker. 20

- 7.7 Hoe bewys Iris later dat sy Greta ontgroeï het? (1)
- 7.8 Watter verteller is in reëls 1 tot 3 aan die woord? Dra dié verteller tot die geslaagdheid van die gedeelte by? Motiveer jou antwoord. (2)
- 7.9 In reël 5 en 6 word na konflik by Iris verwys.
- 7.9.1 Gee TWEE redes waarom Peter in die roman innerlike konflik by Iris veroorsaak. (2)
- 7.9.2 Iris roep die Engel in om haar met haar innerlike konflik te help. Gee TWEE voorbeelde hiervan. (2)

- 7.10 Watter verklaring gee die Engel vir sy teenwoordigheid in Iris se lewe? (1)
- 7.11 Wie se "koue hand" voel Iris in reël 21 op haar skouer? Gee TWEE redes waarom Iris hierna ontevrede is met hiërdie karakter se optrede. (3)
- 7.12 Herlees reëls 10 tot 13 van TEKS A en reël 7 en 8 van TEKS B.
Watter verband is daar tussen die roman se tema en hierdie reëls onderskeidelik? (2)
- [25]**

MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

VRAAG 8: MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – OPSTELVRAAG

Verskeie slagoffers van malaria het 'n invloed op Baas se besluit om sy roeping op Manaka te aanvaar.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

[25]**VRAAG 9: MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS C

Hy kan nie onthou wanneer hy laas alleen in sy kamp was nie. Hy weet van die twee bosuile in die worsboom, die seekoeie wat van die eiland af verbykom, 'n naguiltjie se fluitnote iewers in die pad wat na die sendelinge toe gaan en die geur van die gras waarmee sy slaaphut se dak gedek is.

Hy weet ook van die tent wat in die kerk opgeslaan is en van die opgemaakte bed. 5

Hy gaan soek sy ma se Bybel. Baie verse is netjies met potlood en linaal onderstreep. By party verse is datums ingeskryf.

Een van die dinge wat hy opmerk, is dat sy van die boek Johannes gehou het. By sy paraffienlampie lees hy hoofstuk 3 vers 16. Die datum wat sy ma daarby geskryf het, is 25 Maart 1952. Dit is die dag waarop hy gebore is. 10

"Tjuu-tjuu-tjuu ... Tjuu-tjuu-tjuu ..." roep die dikkop, die onweervoël, laatnag op die kaalte waar Manaka se as weggegooi word. Baas wurm hom onder sy net uit en smeer sy kaal bolyf met insekweerder. Dit is drukkend warm. Die maan is aan die groei. Dit is helderder as toe hy en Griesel agter die olifante aan was.

Waar hy Briekwa begrawe het, gaan sit hy teen die skuins stam van die kameeldoring. 15

Sodat elkeen wat in Hom glo ...

Kan 'n mens die ewige lewe hê en dit verloor?

Ouma Essie het haar Bybel in die rivier gegooi.

Longwane knor. Iemand kom met die voetpad langs van Mubuyu se kant af. 20

- 9.1 Hoekom was Baas lanklaas alleen in sy kamp? (1)
- 9.2 Watter invloed het die ruimte (in reëls 1 tot 4) op Baas? (1)
- 9.3 Herlees reël 6 en 7.
- 9.3.1 Waarom het sy ma se Bybel vroeër by Baas konflik veroorsaak? (1)
- 9.3.2 Is daar 'n verband tussen die roman se titel en Baas se ander Bybel? Motiveer jou antwoord. (1)

- 9.4 Waarom het Baas se ma sy geboortedatum by Johannes 3 vers 16 geskryf en is dié ontdekking 'n keerpunt in Baas se lewe? Motiveer jou antwoord. (2)
- 9.5 Watter subtema blyk uit die woorde, "Waar hy Briekwa begrawe het" (reël 15)? Noem TWEE ander geleenthede waar hierdie subtema in Baas se optrede na vore kom. (3)
- 9.6 Watter soort verteller is in TEKS C aan die woord en waarom is dié soort verteller in hierdie teks voordelig? (2)

EN

TEKS D

Baas loop teen die ruie duin af rivier se kant toe.
 "Die pad gaan onder die groot maroela verby!" hoor hy Grace roep.
 Teen die luglyn sien hy die boom se kaal takke in die laaste lig van die maan. Hy kry die voetpad wat Manaka toe gaan.

Die janfrederik sing reeds toe Baas by die huis kom. Hy klim teen sy boot op en gaan sit tussen die bagasierakke op die bodek met sy rug teen die stuurkajuit en wag dat dit moet lig word. Die seekoeie kom raserig terug van hulle weiplekke af. 5

Sy gedagtes dwaal oor die stil water van die Zambezi ver onder hom. Waar is sy nou? Elke mens wat doodgaan, laat iemand agter wat wonder wat van sy siel geword het ... DV, sê Whitey – as die Here wil. Sodat elkeen wat in Hom glo ... Asseblief ... Ek het nog nooit iemand gesien sterf nie. Tien bokke en 'n kind is die prys van die weddenskap. Daar is 'n vrou met wie ek wil trou, sê die ngambela van die khuta. "Tibelelo" beteken die een wat wag vir haar besoekers. Daar is iemand anders wat vir die Plek van die Horings aansoek gedoen het. 10

In die oggendskemering draai Baas die plank op sy skoot dat die lig daarop val. Zambezi Grace ... die naam van sy pontboot wat hy tussen Kazangula en Mombova op die stuk klaat geverf het. 15

Moenie skuldig voel oor wie jy vernoem nie.
 Hy bêre die naamplank weer in die kajuit en klim teen die leer af.

- 9.7 Ná watter ontstellende gebeurtenis stap Baas terug Manaka toe (reël 1)? (1)
- 9.8 Watter karaktereienskap blyk uit Grace se woorde in reël 2? Noem TWEE ander geleenthede waartydens Grace dieselfde eienskap openbaar. (3)
- 9.9 "Tien bokke en 'n kind is die prys van die weddenskap." (Reël 11 en 12)
- 9.9.1 Wie se "weddenskap" is hier ter sprake? (1)
- 9.9.2 Formuleer die tema wat by hierdie woorde aansluit. Slaag Baas later daarin om sy oupagrootjie se lobolaskuld te betaal? Motiveer jou antwoord. (2)

- 9.10 Watter eienskap van Baas is ook in Whitey se optrede sigbaar en op watter DRIE maniere dra Whitey daartoe by dat Baas uiteindelik op Manaka wil bly? (4)
- 9.11 Dink jy Baas behoort oor die naam van sy boot skuldig te voel? Motiveer jou antwoord. (1)
- 9.12 Herlees reëls 17 tot 19 van TEKS C en reëls 9 tot 11 van TEKS D.
Met watter innerlike konflik worstel Baas, te oordeel aan albei tekste? Slaag Baas daarin om later tot insig te kom? Motiveer jou antwoord. (2)
[25]

VATMAAR – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

VRAAG 10: VATMAAR – OPSTELVRAAG

Oupa Lewies en Oom Chai beïnvloed – elkeen op sy eie manier – die Vatmaarinwoners se lewenskwaliteit.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

[25]**VRAAG 11: VATMAAR – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E

Dan het hy dit vir die Reverend gegee om op die altaar te sit en te seën.

Dit was die tyd toe arm mense gedink het tiekies is daar vir kollekte in die kerk.

By die nagmaal was Oom Hendruk die eerste om die Heilige Bloed te ontvang, en al was hy 'n "tee-toddler", het hy 'n groot sluk gevat. Die kerkmense het altyd gesê: Daai groot sluk is genoeg om enige mailer dronk te maak!

5

Noudat Oom Hendruk in die grootste verknorsing van sy lewe gesit het, het almal gesê watter groot aap hy was, hy moes die diamant na hulle toe gebring het om te verkoop. Die hele gemeenskap en al sy kerkgenote was teen hom. Hulle het gesê: Hy sal nooit weer so 'n groot geluk kry nie, nooit in sy hele lewe weer nie. En watter vonnis die witmense hom ook al gee, dit sal sy verdiende loon wees.

10

Volgende het die poliesman geskree: Hendruk Jannewarie.

Baas? Het Oom Hendruk gesê en na die traliede deur toe geloop.

Die poliesman het na die beskuldigdebank gewys.

Oom Hendruk het in die hofsaal om hom rondgekyk en die hele gemeente van sy kerk en nog ander mense ook sien sit. Teen dié tyd het die diamant in die oorvertellery tot die grootte van 'n hoendereier gegroei.

15

Die bewysstuk, die diamant, het op 'n omgekeerde koppie op die skryfbank naby die magistraat se inkpot gelê. Skitterende ligstrale het daaruit geflits want dit was blinkskoon van al die gesuig in Oom Hendruk se bek ...

- 11.1 Watter skelm plan van Reverend Cobb het Oom Hendruk in dié verknorsing laat beland? (1)
- 11.2 Herlees reël 6.
- 11.2.1 Gee die rede vir Oom Hendruk se "verknorsing". (1)
- 11.2.2 Waarom is die verloop van dié "verknorsing" ironies? (1)
- 11.2.3 By watter tema in die roman sluit dié gebeure aan? (1)

- 11.3 Hoe dra die milieu in Vatmaar onderskeidelik tot die optrede van Reverend Cobb en die Vatmaar-gemeenskap (reëls 6 tot 9) by? (2)
- 11.4 Herlees reëls 8 tot 10.
- 11.4.1 Lei TWEE karaktereierskappe van Vatmaar se mense af na aanleiding van reëls 8 tot 10. (2)
- 11.4.2 Noem TWEE Vatmaar-inwoners wat nie hierdie eienskap(pe) openbaar nie. (2)
- 11.5 Dink jy Oom Hendruk verdien die behandeling wat hy in die hof kry? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)
- 11.6 Op watter DRIE maniere bevoordeel Reverend Cobb homself na afloop van die gebeure in TEKS E? (3)
- 11.7 Wie is in hierdie teks die verteller en waarom is dit effektief? (2)

EN**TEKS F**

Sy het gelag en die pot van die vuur afgehaal en gesê: Gaan haal hout. Jy koud.
Hy het daar naby gaan hout haal, dit op die vuur gesit en hy was gou warm. Hy was kaalvoet, met net 'n kakie Tommie-baadjie wat hy gesteel het, aan. Sy voete was vol winterblase.

En weet jy wat het hierdie ouma gedoen? het Norman van der Westhuizen vir jou pa gevra. Heinrich, het hy gesê, sy het twee blikborde en 'n kallabas melk gaan haal en vir ons elkeen 'n groot bak pap geskep. Die eerste ordentlike ete wat ek gehad het vandat my pa op kommando vertrek het. 5

Hy het haar uit sy hart uit Ma genoem, want hy het geweet sy het die plek van sy oorlede moeder ingeneem. Hy was dadelik lief vir hierdie nuwe swart ma, want sy was al wat hy op die aarde gehad het. En gelukkig vir hom, het sy ook al haar kinders en man in 'n swart konsentrasiekamp verloor. 10

Sy het toe 'n blik water op die vuur gesit en gesê: Seerplekke op jou lyf baie sleg. Kyk agter vuur, ek kyk vir wilde kopiefa-blare.

Sy het teruggekom en die blare op die tafel gesit wat van twee armybökkies en 'n los houtblad gemaak was. 15

Bring water, mosimane, het sy gesê.

Hy het die water in die hut ingedra en die blare en skoon stuk doek op die tafel gesien. Sy het hom uitgetrek en gevra: Jou ma, waar?

Hy het met sy vinger grond toe gewys. 20

- 11.8 Wat is die "Sy" in reël 1 se naam? (1)
- 11.9 Die ouma het vir Norman TWEE lewenswaardes geleer.
- 11.9.1 Skryf die TWEE lewenswaardes neer. (2)
- 11.9.2 Dink jy dié lewenswaardes pas by die roman se titel? Motiveer jou antwoord. (1)

- 11.10 Hoe veroorsaak Norman van der Westhuizen later by tant Wonnie innerlike konflik en word dié konflik opgelos? Motiveer jou antwoord. (2)
- 11.11 Watter tema van die roman word in hierdie teks beklemtoon? (1)
- 11.12 Herlees reëls 9 en 10 van TEKS E asook reëls 10 tot 12 van TEKS F.
- Is dit geloofwaardig om al die Vatmaar-inwoners daarvan te beskuldig dat hulle hulle in ander se ellende verlekker? Motiveer jou antwoord na aanleiding van die twee tekste. (1)
- [25]**

ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

VRAAG 12: ONDERWÊRELD – OPSTELVRAAG

Greg se pa, sy ma en John speel 'n belangrike rol in die vorming van Greg se menswees.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

[25]**VRAAG 13: ONDERWÊRELD – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS G

"Sal dit nie waag nie. Nie by dié skool nie, anyway. My pa sal uitfreak as sy skouerd iets doen wat hom 'n skorsing kos."

"So, het jy ook een van daardie pa's?"

"Jy ook?"

Eckardt trek sy skouers op. "Seker nie so erg nie. Maar wat dink jy maak ek hier? 5
Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's. Dis wat hulle hier met ons doen, issit nie? Hulle breinspoel ons sodat ons mooi kan glimlag, die regte dinge doen en sê."

"En in pappa se voetspore kan volg," voltooi ek die sin.

"Ek sien jy weet," sê Eckardt.

Daar is 'n ruk stilte waarin nie ek of Eckardt weet wat om te sê nie. Ek klik daarom 10
maar net op een van die links op die site waarop ek nou is. Voltooi my besonderhede op die blad om te registreer om DVD's te kan invoer van Amerika af.

"Baie gevaarlik wat jy nou doen, nè?" sê Eckardt.

"Hoekom?"

"Kyk daar onder op jou skerm." Hy wys met sy vinger na 'n leë blokkie. "Sien jy, 15
geen slot nie? Dit beteken enigiemand kan sien wat jy nou doen – ás hulle wil sien waarna jy kyk, bygesê."

"Tjol, man," grinnik ek.

"Nee, genuine. En selfs al was daar 'n slot, beteken dit ook nie jy surf veilig nie. Jy 20
moet na die site se sertifikaat gaan kyk." Ek het nie 'n clue waarvan Eckardt praat nie. "Maar dis boring stuff," sê hy. "Het jy tyd, dan gaan wys ek jou 'n paar ander goed?"

- 13.1 Wat gee aanleiding tot Greg se antwoord aan Eckardt in reël 1 en 2? (1)
- 13.2 Na watter gebeure later in die roman word Greg se woorde oor sy pa (reël 1 en 2) bewaarheid? (1)
- 13.3 Greg se optrede en keuses herinner baie aan sy pa en John s'n.
- 13.3.1 In watter situasie besef Greg dat hy soos sy pa teenoor ander mense optree? (1)
- 13.3.2 Kan Greg aan die einde van die roman as 'n kloon van sy broer John beskou word? Motiveer jou antwoord met DRIE redes. (3)

- 13.4 Waarom sou sy pa nie Greg se optrede teenoor die polisie, later in die roman, beskou as "die regte dinge doen en sê" (reël 7) nie? (1)
- 13.5 Herlees reël 19.
Wat is Eckardt se bedoeling met dié woorde én waarom is hierdie woorde ironies? (2)
- 13.6 Watter karaktereienskap van Greg word deur Eckardt in reëls 19 tot 21 uitgebuit? Noem TWEE onmiddellike gevolge wat hierdie manipulasie vir Greg inhou. (3)

EN**TEKS H**

"... Praat. Wat weet jy?" 'n Ope vraag wat enigiets kan beteken. "Wat weet ek van wat?" Hardkoppig. Sersant Botha antwoord: "Van die hacking." Ek kan dit alles ontken, weet ek. Ek kan net sê ek het 'n joke gemaak met T.J. Maar dan gaan ek myself vaslieg. My keel trek toe. Die vertrek lyk skielik kleiner, met die sieklike reuk van die leermeubels wat my naar maak. "Eckardt was 'n hacker," sê ek uiteindelik. Die woorde wat uit my mond kom, word soos 'n uitlaatklep vir 'n tyre wat te styf opgepomp was.	5
"Was?" frons Inspekteur Cele. "Oukei, is," sê ek weer. "Eckardt is 'n hacker." "En hoe weet jy dit, Greg?" "Hy het my vertel." "Het jy gesien dat hy hack?" Ek dink voordat ek antwoord. "Ja." "Hoeveel keer? Een, twee?" Weer moet ek dink. Die kantoormure trek nog 'n paar sentimeter kleiner. " 'n Paar keer."	10
"Hoeveel is 'n paar keer?" Sersant Botha kom sit nou hier skuins voor my. Meneer Andersen bly op die agtergrond luister. "Ek weet nie. Baie kere." Sersant Botha haal diep asem. Inspekteur Cele kyk na hom. Dit is sy wat die vrae vra. "En jy, Greg? Het jy ook rekenaars gehack?" Ek draai my kop na die vensters toe. Is hier dan geen lug in hierdie plek nie? Inspekteur Cele se oë beweeg nie vir 'n millisekonde van my af nie. Sy is 'n ystervrou onder daardie gemoedelike front wat sy voorhou, weet ek nou. Sy gaan nie laat los nie. Kan ek haar vertel waarmee ek besig is?	15
13.7 "Maar dan gaan ek myself vaslieg." (Reël 5 en 6)	
13.7.1 Noem TWEE voorbeelde van leuens/oneerlikheid van Greg teenoor sy pa tot op hierdie stadium in die roman.	(2)
13.7.2 By watter betekenis van die titel sluit Greg se leuens aan?	(1)

- 13.8 Herlees reël 4.
- 13.8.1 Hoe dra Eckardt se milieu as kind daartoe by dat hy 'n kuberkraker (reël 8) word? (1)
- 13.8.2 Watter gebeurtenis, volgens jou, speel die grootste rol daarin dat Greg vir Eckardt se sosiale manipulasie geval het? Motiveer jou antwoord. (1)
- 13.9 Herlees reëls 5 tot 7.
- 13.9.1 Benoem die soort konflik wat Greg ervaar en gee 'n rede vir sy konflik. (2)
- 13.9.2 Is jy oortuig daarvan dat Greg se konflik teen die einde van die drama opgelos is? Motiveer jou antwoord. (1)
- 13.9.3 Waarom kan 'n mens sê dat daar in die loop van die drama geen karakterontwikkeling by Eckardt plaasvind nie? (1)
- 13.10 Wie is in TEKS H die verteller en waarom is dié verteller hier effektief? (2)
- 13.11 Herlees reël 21 van TEKS G en reël 27 van TEKS H.
- Watter verband is daar tussen Greg se keuses in dié tekste en die titel van die roman en watter insig verwerf Greg in die slot van die roman? (2)
- [25]**
- TOTAAL AFDELING B: 25**

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

VRAAG 14: KRISMIS VAN MAP JACOBS – OPSTELVRAAG

Map toon positiewe karakterontwikkeling vandat hy tronkstraf kry.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

[25]**VRAAG 15: KRISMIS VAN MAP JACOBS – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS I

MAUD:	<i>(praat met haarself):</i> Hy sê ook nooit iets anders nie. Always just "yes", always just "no". Gmf! You never know, this man, what is on his mind. <i>(Sy bly besig met die regmaak vir ete. Ons hoor die water in die badkamer loop.)</i> No, no, no, what am I saying. Hy't net die een ding op sy mind, soes 'n obsession, 'n obsession. It drives me bloodywill crazy ... It does ...	5
CAVERNELIS:	<i>(roep):</i> Hoe sê jy, Maudie?	
MAUD:	I'm almost ready now, Cavernelis-darling ... <i>(Dan weer aan haarself.)</i> Bloodywill crazy ... <i>(Geïrriteerd, wanneer sy daaraan dink.)</i> Ja, ek sê ... ! 'Is soes iets hom jaag. Jaag, jaag, jaag! Skaars by die huis, skaars by die huis, dan is hy weer vort moet sy bicycle, dan is hy weer yt moet sy suitcase, skaars by die huis ... As if I don't want to have him sometimes, just for myself ...	10
	<i>(Dan, asof sy nadink, met 'n vurk in die hand, wat sy nie mooi weet waar om dit neer te sit nie.)</i> Now, why am I so nervous!? <i>(Die water het opgehou loop.)</i>	15
MAUD:	Ja, stop wasting water, Cavernelis-darling ...	
CAVERNELIS:	Hoe sê jy, Maudie?	
MAUD:	... hy sil die laaste een wees om water te waste! He really wants us out of here, out, out, out of here, out of this ... bloody township place. Oh, he's a good man, really ... <i>(Skielik bewoë.)</i> Cavernelis-darling ... <u>You're a good man ... I know. But you don't stand a bloody chance, man,</u> I tell you, can't you hear? Don't you listen ...	20

- 15.1 Waarna verwys Maud met die woorde in reël 4 en 5? (1)
- 15.2 Wat is die funksie van die dialoog in reëls 1 tot 5? (1)
- 15.3 Dink jy Cavernelis se obsessie (reël 5) hou vir sy huisgesin ironiese gevolge in? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

- 15.4 Noem die maatskaplike omstandighede wat tot Maud se woorde in reël 17 lei. Waarom is dit vir die verloop van die drama nodig dat die leser die maatskaplike omstandighede ken? (2)
- 15.5 Noem TWEE redes waarom die Cavernelisse so graag wil weggaan. Watter oordeelsfout begaan Cavernelis ten opsigte van dié doelwit? (3)
- 15.6 Hoe verskil die toon van Maud se gesprek met Cavernelis (reëls 19 tot 23) van die laaste keer dat sy in die drama met hom praat? Waarom is hulle lááste gesprek so anders? (2)

EN

TEKS J

LA GUMA:	Best of luck. Maar 'is 'n sterk tronk dié. Kyk, die trailies! <i>(Hy trek regaf strepe in die lug, met albei hande en wys na die geboue in die omgewing.)</i>	
CAVERNELIS:	Anyway, dis hoekom ons seker nie nou gaan worry met 'n shower in die huis nie, mister La Guma. Dis 'n onnodige uitgawe, op 'n huurhuis.	5
LA GUMA:	<i>(luister nie):</i> 'n Sterk tronk, sê ek ...	
CAVERNELIS:	<i>(plaas die tou in La Guma se hande terug, maar dié let dit skaars op):</i> Ja ...	
LA GUMA:	Nou is Map Jacobs ook terug ...	10
LA GUMA:	<i>Cavernelis sê niks.</i>	
LA GUMA:	Yt die tronk yt. Terug, hiérnatoe. Kan jy dit vir jou imagine? Hiérnatoe?	
LA GUMA:	<i>Cavernelis sê niks.</i>	
LA GUMA:	<u>Kamma yt die tronk yt. Na dit toe.</u> <i>(Hy wys, bars dan uit van die lag.)</i>	15
CAVERNELIS:	An' you know, what really gets me? Lat die mense almal actually nog bid! Nog in die Here in glo! Praise the Lord, en al daai jazz!	
CAVERNELIS:	Wel ...	
BLANCHIE:	<i>Bo by die woonstelvenster verskyn Blanchie se gesig weer, om te sien wat haar pa ophou. Sy roep dan.</i>	20
LA GUMA:	Daddy! Daddy!	
CAVERNELIS:	En ek hoor Map Jacobs is oek kamma ge-bekeer!	
LA GUMA:	Ek kom, Blanchie ...! Okay, goodnight, mister La Guma ...	
CAVERNELIS:	<i>(is nog nie klaar gepraat nie. Cavernelis huiwer weer):</i> Weet jy hoekom hulle vir hom Map ge-call het? You know why?	25
LA GUMA:	<i>('n bietjie meer ferm):</i> Maar ... ek stel nie belang nie, mister La Guma ...	
CAVERNELIS:	Omlat hy getattoo is oor sy hele lyf. <i>(Hy wys.)</i> That beautiful body, hoekô moet hy dit nou so gaan op-mess! Allerhande merke, like, to identify himself!	30

- 15.7 Watter boodskap dra La Guma aan Cavernelis in reël 1 oor? (1)
- 15.8 Herlees reëls 1 tot 3.
Lei TWEE karaktereienskappe van La Guma af na aanleiding van sy woorde én handeling onderskeidelik. (2)

- 15.9 Waarom kan die vroeëre praatjies oor Map Jacobs se vrylating as die motoriese moment van die drama beskou word? (1)
- 15.10 Herlees reëls 10 tot 22.
- 15.10.1 Hoekom reageer Cavernelis nie in reël 14 nie? (1)
- 15.10.2 Wat wil La Guma met die inligting oor Map Jacobs bereik? (1)
- 15.10.3 Sluit Map se naamsverandering (na Johnnie) by La Guma se woorde in reël 22 én by Map se worsteling in die tronk aan? Motiveer jou antwoord deur na albei sake afsonderlik te verwys. (2)
- 15.11 Wat noem ons die kursiefgedrukte woorde in reël 14 en 19? Wat is die funksie van hierdie kursiefgedrukte woorde onderskeidelik? (3)
- 15.12 Herlees die onderstreepte sinne in reël 22 en 23 van TEKS I asook die onderstreepte sinne in reël 15 van TEKS J.
- 15.12.1 Is daar in dié twee tekste 'n ooreenkoms in Maud en La Guma se toekomsvoorspelling? Motiveer jou antwoord. (1)
- 15.12.2 Noem EEN aspek uit die onderstreepte sinne in die twee tekste wat by die tema van die drama aansluit. (1)
- 15.12.3 Waarom is La Guma se woorde 'n korrekte voorspelling van Map se toekoms? (1)
- [25]**

MIS – Reza de Wet

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

VRAAG 16: MIS – OPSTELVRAAG

Meisie se karakter ontwikkel opvallend ná die koms van Konstabel.

Bespreek die karakterontwikkeling wat Meisie ondergaan in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

[25]**VRAAG 17: MIS – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

TEKS K

MIEM:	Ons het gewaarsku en gewaarsku maar hulle wou nie hoor nie! As ek dink aan die aaklige mense. Rondlopers en kwaaddoeners.	
GERTIE:	Om nie eers te praat van die fratse nie! (<i>Gri!</i>) Om net daaraan te dink ...	
MIEM:	Fratse? Watse fratse?	
GERTIE:	In die kleiner tent langsaan. Jy moet betaal om in te gaan.	5
MIEM:	En hoe weet jy van ... hierdie fratse?	
GERTIE:	(<i>verbouereerd</i>) Ek?	
MIEM:	Ja. Jy.	
GERTIE:	Wel ...	
MIEM:	Het jy hulle gesien?	10
GERTIE:	Ja. (<i>Vinnig</i>) Net een maal.	
MIEM:	Maar, Gertie, hoe kon jy soontoe gaan?	
GERTIE:	Sien ... ek wou na hierdie arme skepsels gaan kyk ... hierdie armsalige en gebrekkige wesens ... sodat ek my seëninge kan tel. Om ander se ongeluk te aanskou ... maak 'n mens so innig dankbaar ...	15
MIEM:	Ja-nee, dit is seker waar. Ek is jammer, Gertie. Ek het gedink jy het gaan kyk uit blote nuuskierigheid. (<i>Sug</i>) Nou vertel ons van die arme skepsels, Gertie. (<i>Wys na MEISIE</i>) Dit sal haar goed doen. Sy is mos alewig ontevrede.	
MEISIE:	<u>Dis nie so nie, Ma.</u>	20
MIEM:	O ja, ek weet jy sê niks. Maar ek sien vir jou! <i>MEISIE draai haar kop weg.</i>	
MIEM:	Sien! Dit is nou net wat ek bedoel. (<i>Sug en skud haar kop</i>) Maar kom nou, Gertie. Vertel maar.	
GERTIE:	(<i>vryf haar hande vinnig. Na 'n kort stilte begin sy vertel. Gedurende die vertelling leef sy haar heeltemal in. Dit is nie asof sy die gebeure onthou nie, maar asof sy dit in die hede beleef.</i>) Halfdonker tent. Net fakkels in die hoeke. Die gedrogte is agter 'n dun, geroeste reling.	25

17.1 Waarna verwys Miem in reël 1? (1)

17.2 Wat is die funksie van Miem se dialoog in reël 1 en 2? (1)

- 17.3 Dink jy Miem se bewustheid van "rondlopers en kwaaddoeners" (reël 2) hou vir haar ironiese gevolge in? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)
- 17.4 Herlees reëls 1 tot 7.
- 17.4.1 Met watter uiterlike handeling probeer Gertie haar valsheid wegsteek? (1)
- 17.4.2 Watter woord in dié reëls openbaar egter dat Gertie uitgevang is? (1)
- 17.5 Die manier waarop Miem met Gertie in reëls 10 tot 12 praat, sluit aan by die manier waarop sy met Meisie in reël 21 praat.
- 17.5.1 Noem TWEE karaktereienskappe van Miem wat duidelik uit hierdie twee afsonderlike spreekbeurte blyk. (2)
- 17.5.2 Waarom praat Miem in die drama op hierdie manier met Meisie? (1)
- 17.6 Waarom kan Konstabel se koms by Miem se huis as die motoriese moment van die drama beskou word? (1)
- 17.7 Anders as Miem en Gertie, word Meisie bloot "Meesie" genoem.
- 17.7.1 Noem TWEE redes vir hierdie naamloosheid. (2)
- 17.7.2 Noem TWEE gevolge van hierdie naamloosheid. (2)

EN

TEKS L

MEISIE:	Ek moenie daarna luister nie. <i>Die stemme van MIEM en GERTIE word hoorbaar in die gang.</i>	
GERTIE:	Dis net wat ek ook sê.	
MIEM:	(<i>nader</i>) Presies! <i>MIEM en GERTIE kom binne. Hulle is druk in gesprek. MEISIE kyk af en werk verder aan die sak.</i>	5
GERTIE:	Ja. Net bolangs rondgekrap.	
MIEM:	(<i>opgewonde</i>) Ek het mos verniet gesê grawe oop, delf om. Ek is seker u stem saam, Konstabel. Maar hulle wou nie hoor nie.	
GERTIE:	Nee, hulle wou nie. <i>Geluid van sagte huilwind.</i>	10
MIEM:	En nou is die spoor al koud. Hulle het nooit ordentlik gesoek nie. Konstabel, ons praat oor die verdwynings. Oor die ondersoek na die verdwynings. Nou ja. (<i>Sug</i>) Wat kan 'n mens verwag? (<i>Gaan sit by die tafel, glimlag</i>) Dit lyk darem of julle mekaar se geselskap geniet het of hoe?	15
MEISIE:	(<i>bang</i>) Wat was dit?	

MIEM:	Toe maar, dis net die wind, my kind. En die takke op die dak. <i>Kort stilte.</i>	
GERTIE:	En ek voel 'n trek. Miskien is iets iewers oop.	20
MIEM:	Moet jou nie bekommer nie. Als is toe. Die wind waai deur die krake. <i>(Kort stilte. Skielik heftig aan die KONSTABEL)</i> En putte, het ek gesê! Kyk in putte. <i>(Sug)</i> Maar niemand wou luister nie. Nou wat kan 'n mens meer doen?	
GERTIE:	Ja. Jou hande is afgekap.	25
MIEM:	En dan was daar tant Salie se droom. Baie oud. Al pêrels op die oë. Maar daar is nie 'n droogte, sterfte of 'n vloed wat sy nie voorspel het nie.	
GERTIE:	Dit is so, Konstabel. Wat sy sien, kom altyd waar.	
MIEM:	En toe het sy gedroom ...	30

- 17.8 Waarvan praat Meisie in reël 1 en hoe sluit dit by die tema van die drama aan? (2)
- 17.9 Gee die maatskaplike omstandighede wat tot Meisie se handeling in reël 6 lei. Waarom is dit vir die verloop van die drama nodig dat die leser die maatskaplike omstandighede ken? (2)
- 17.10 Wat noem ons die kursiefgedrukte woorde in reël 11 en 22? Wat is die funksies van hierdie onderskeie kursiefgedrukte woorde? (3)
- 17.11 Hoewel Konstabel teenwoordig is, praat hy glad nie in hierdie teks nie. Gee 'n rede vir sy stilswye. (1)
- 17.12 Herlees die onderstreepte sin in reël 20 van TEKS K asook die onderstreepte sin in reël 17 van TEKS L.
- 17.12.1 Is daar in dié twee tekste 'n ooreenkoms in Meisie se houding teenoor haar ma? Motiveer jou antwoord. (1)
- 17.12.2 Dink jy Konstabel se teenwoordigheid verander Meisie se houding teenoor Miem én los haar keuse om saam met Konstabel te gaan, haar innerlike konflik op? Motiveer telkens jou antwoord. (2)
- [25]**
- TOTAAL AFDELING C: 25**
GROOTTOTAAL: 80